



Verwysing: 20201001-8367  
Lêerno.: 13/9/2  
Navrae: NF Sobetwa-Magodla

Assesseringsbestuursminuut: 0015/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, VOO-koördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat voorberei

**Onderwerp: Protokol vir die afneem van die November 2020 eksamen ter nakoming van die COVID-19-vereistes**

1. Die koms van die COVID-19-pandemie het die behoefte aan 'n ander benadering tot die algemene afneem, administrasie en bestuur van die nasionale eksamens genoodsaak. Dit is noodsaaklik dat amptenare wat met die verantwoordelikheid vir die administrasie en bestuur van die afneem van die eksamens toevertrou is, moet toesien dat die nodige voorsorgmaatreëls wat daarop gemik is om die amptenare sowel as die kandidate te beskerm teen die opdoen van COVID-19, by alle eksamensentrums waargeneem word.
2. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het die **Protokol vir die afneem van die 2020 November-eksamen ter nakoming van die COVID-19-vereistes** ontwikkel om spesifieke riglyne, wat gevolg moet word tydens die afneem van die 2020 November-eksamens, aan skole en eksamensentrums te verskaf. Die protokol word aan hierdie minuut as **Bylae A** aangeheg.
3. Hierdie protokol moet gelees word saam met die **Standaard bedryfsprosedure (SBP) vir die beheer en bestuur van COVID-19 vir skole en skoolgemeenskappe** van 31 Augustus 2020 wat deur die DBO uitgereik is en wat op die DBO se webwerf beskikbaar is. Toegang tot die SBP kan verkry word deur middel van die volgende skakel: <https://bit.ly/3n2eyib>.

4. Daar word ook aangeneem dat, in gevalle waar die skool as 'n eksamensentrum gebruik word, die **SBP vir die beheer en bestuur van COVID-19 vir skole en skoolgemeenskappe** gevolg word, en dus sal die inhoud van hierdie protokol sekere vereistes beklemtoon en ook 'n aanduiding gee van die bykomende vereistes waaraan voldoen moet word. In gevalle waar 'n eksamensentrum nie 'n bestaande skool is nie, is dit die plig van die hoofopsiener by sodanige sentrum om toe te sien dat die **SBP vir die beheer en bestuur van COVID-19 vir skole en skoolgemeenskappe** streng nagekom word.
5. Daar moet ook kennis geneem word dat hierdie protokol oor die afneem van die 2020 November-eksamen nie die **Regulasies betreffende die afneem, administrasie en bestuur van assessering vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen** (gewysig), soos gepubliseer in *Staatskoerant* No. 31337 van 29 Augustus 2008, wat die hoofwetgewing oor die bestuur en administrasie van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) -eksamens is, vervang nie.
6. Prinsipale/hoofopsieners word versoek om na die volgende om te sien:
  - 6.1 Dat 'n COVID-19-siftingspan onder leiding van 'n lid van die senior bestuurspan of senior onderwyser in die lewe geroep is.
  - 6.2 Dat die eksamensentrum ten volle voorberei is om aan die COVID-19-vereistes te voldoen.
  - 6.3 Dat die opsienerspan ten volle ingelig is oor die protokol van hoe die eksamen afgeneem moet word.
  - 6.4 Dat ouers van kandidate wat geregistreer is om die 2020 November-eksamen af te lê, oor die inhoud van die riglyne ingelig is.
7. Prinsipale word versoek om toe te sien dat die aangehegte protokol met alle onderwysers en leerders bespreek word om die risiko vir die verspreiding van COVID-19 gedurende die afneem van die NSS-eksamens in 2020 te verlig.

**GETEKEN:** PAD BEETS

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2020-10-06